Diploma Programme
Programme du diplôme
Programa del Diploma

# Afrikaans A: literature – Standard level – Paper 2
# Afrikaans A : littérature – Niveau moyen – Épreuve 2
# Afrikáans A: literatura – Nivel medio – Prueba 2

Monday 7 November 2016 (afternoon)
Lundi 7 novembre 2016 (après-midi)
Lunes 7 de noviembre de 2016 (tarde)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

---

### Instructions to candidates

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the part 3 works you have studied and compare and contrast these works in response to the question. Answers which are not based on a discussion of at least two part 3 works will not score high marks.
- You are not permitted to bring copies of the works you have studied into the examination room.
- The maximum mark for this examination paper is **[25 marks]**.

### Instructions destinées aux candidats

- N’ouvrez pas cette épreuve avant d’y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. En basant votre réponse sur au moins deux des œuvres de la troisième partie que vous avez étudiées, vous devez comparer et opposer ces œuvres dans le cadre du sujet. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la troisième partie n’obtiendront pas une note élevée.
- Vous n’êtes pas autorisé(e) à apporter des exemplaires des œuvres que vous avez étudiées dans la salle d’examen.
- Le nombre maximum de points pour cette épreuve d’examen est de **[25 points]**.

### Instrucciones para los alumnos

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Conteste una sola pregunta de redacción. Base su respuesta en al menos dos de las obras estudiadas de la parte 3, comparándolas y contrastándolas en relación con la pregunta. Las respuestas que no se basen en al menos dos obras de la parte 3 no recibirán una puntuación alta.
- No está permitido traer copias de las obras estudiadas a la sala de examen.
- La puntuación máxima para esta prueba de examen es **[25 puntos]**.



8816 – 0004
© International Baccalaureate Organization 2016

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

https://xtremepape.rs/

Beantwoord slegs **een** essay-vraag. Jy moet jou antwoord **baseer op ten minste twee** van die Deel 3 werke deur jou bestudeer en **vergelyk en kontrasteer** die werke in jou respons op die vraag. Antwoorde wat nie gebaseer is op ’n bespreking van ten minste twee Deel 3 werke nie, sal **nie** hoë punte behaal **nie**.

**Drama**

**1.** Bespreek en vergelyk die rolle en interaksie van die protagonis en antagonis in die werke van minstens twee verskillende dramaturge wat jy bestudeer het.

**2.** Spanning is ’n belangrike element van die drama om die gehoor se belangstelling in die gebeure op die verhoog te wek en te behou. Bespreek en vergelyk op watter maniere minstens twee verskillende dramaturge wie se werke jy bestudeer het, spanning gebruik om die gehoor se aandag by die gebeure op die verhoog te hou.

**3.** Bespreek en vergelyk hoe die plek van handeling of toneelinrigting van die speelruimte in die werke van minstens twee verskillende dramaturge wat jy bestudeer het, die gehoor help om betrokke te voel by die gebeure op die verhoog.

**Poësie**

**4.** Metapoësie, dit wil sê wanneer die digter die skep van ’n gedig met die leser deel, is dikwels die hooftema van gedigte. Bespreek en vergelyk metapoësie in gedigte van minstens twee verskillende digters wat jy bestudeer het.

**5.** Een van die kenmerke van poësie is klankrykheid. Bespreek en vergelyk hoe minstens twee verskillende digters wat jy bestudeer het, te werk gaan om te verseker dat klank ’n belangrike element in hul gedigte is.

**6.** Karakters word dikwels in gedigte gebruik as draers van die tema wat die digter wil oordra. Bespreek en vergelyk hoe minstens twee verskillende digters wat jy bestudeer het, persone gebruik om beelddraers te wees van idees.

https://xtremepape.rs/

**Roman**

**7.** Die romanskrywer kan nie die hele omvang van ’n lewe in ’n roman weergee nie. Slegs ’n brokstuk van die lewe kan in ’n verhaal aangebied word. Bespreek en vergelyk wat die uitwerking hiervan is op die werke van minstens twee verskillende skrywers wat jy bestudeer het.

**8.** Bespreek en vergelyk hoe die belangrike plek van die stem van die vrou die gang van sake beïnvloed in die werke van minstens twee verskillende skrywers wat jy bestudeer het.

**9.** Bespreek en vergelyk op watter wyse die hooftema (leitmotief) deur die loop van die verhaal ontwikkel word in die werke van minstens twee verskillende skrywers wat jy bestudeer het.

**Kortverhaal**

**10.** In die kortverhaal kan die skrywer die verhaaltyd manipuleer om te hou by die bondigheid wat ’n kenmerk van die kortverhaal is. Bespreek en vergelyk hierdie aspek in die werke van minstens twee verskillende skrywers wat jy bestudeer het.

**11.** Die kortverhaal het selde meer as net één motief of sentrale gedagte. Bespreek en vergelyk hoe die kerngedagte gestalte kry in die werke van minstens twee verskillende skrywers wat jy bestudeer het.

**12.** Die keerpunt of wending is ’n onontbeerlike bestanddeel van die kortverhaal, en kan op enige plek in die verhaal aangetref word. Bespreek en vergelyk waar in die verhaal die botsing, krisis en klimaks aangetref word en wat die uitwerking daarvan op die verhaal is in die werke van minstens twee verskillende skrywers wat jy bestudeer het.

https://xtremepape.rs/